

246 - J.C. de WET

- 1 - 2 Aantekeningboeke
- 3. Los aantekeninge
- 4 - 6 Ex parte opinies, alfabeties gerangskik
- 7. Regshersieningskommissie
- 8. Waterreg
- 9 - 10 Mss. van boek oor Romeins-Hollandse reg
- 11. Artikels, resensies, foto's, Komm. v. ondersoek US, knipsels
- 12. Strafred, klasaantekeninge[?], munisipale aangeleenthede, Grotius
- 13. Personalialia, korrespondensie

UNIV. STELLENBOSCH



3005501667



246 DE WET, JOHANNES CHRISTIAAN.

Gebore 13.10.1912, oorlede 19.10.1990.

LL D (Stell) LL D (Leiden) LL D (hc)(Kaapstad) LL D (hc)(RAU)

Ere-professor aan die Universiteit van Suid-Afrika

**W P Schreiner-Professor van Romeinse Reg en Regsvergelyking
aan die Universiteit van Kaapstad**

Professor van Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Stellenbosch

Advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika

VERSAMELING 246/BOKS 1

AANTEKENINGBOEKE

1. Klasnotas: Sakereg en Verbintnisse
2. Klasnotas: Staatsreg
3. Aantekeninge: Doktorale studies aan die Universiteit van Leiden
Tekste van ou skrywers in Latyn oorgeskrif (Digesta, Institutiones, Voet, ens.) en vervolgens met mekaar vergelyk om vas te stel of en tot watter mate die verskillende skrywers met mekaar ooreenstem of verskil, bv. op die gebied van verteenwoordiging.
Saakopsommings: *African Universal Stores v Dean* (1926) C.P.D 390 (verteenwoordiging),
Louisa v Van den Berg (1850) Menz. 471 ("gratuitous promise=binding")

246/2

AANTEKENINGBOEKE

1. Klasnotas: "Courts of the Union"
2. Klasnotas: Bewysleer
3. Klasnotas: Strafred en Strafwetenskap
4. Klasnotas: Personereg
5. Klasnotas: Erfreg
6. Klasnotas: Geskiedenis van Romeins-Hollandse Reg
7. Klasnotas van W.H. Badenhorst, vermoedelik 'n mede-student: Verdeling van die Reg

246/3

LOS AANTEKENINGE

1. Dagboek (1958): Bondige aantekeninge oor die ou skrywers, o.a. Dieter Noir, Domat, Bartolus, Voet, De Groot, Van Leeuwen, Van Bynkershoek en verwys ook na Het Reghtgeleertheit, Koopmanshandboek. (Fokus veral op verjaring)
2. Drie notaboekies: Alledaagse/persoonlike aantekeninge (saakverwysings, ens.)

3. Lêer: Suid-Afrikaanse Regskommissie boekaankondigings, aantekeninge oor ou skrywers met die fokus op hul lewensduur, manuskripte oor skrywers in Duitsland en Italië en handgeskrewe musiekstukke.
4. Lêer: Amptelike universiteitsdokumente (notules, verslae, ens.) en aantekeninge oor die interpretasie van wetgewing/wettereg.
5. Lêer: Lys met verwysings na ou tekste, Memorandum oor die Verjaringswet 68 van 1969, Privaatreg vraestelle (Nov 1965), manuskripte gedateer 12 Mei 1943 hanteer ou skrywers, bv. Noord Nederlandse skrywers en die Skool Van Leeuwen.
6. Staatskoerant, 30 Junie 1971

246/4

OPINIES

1. Regsmenings aan kliënte (Formaat: *Ex parte* "konsultant")

Ex parte A-F:

- *Ex parte Borge van Agterbaai Trustkamer (Edms) Bpk*: Aanspreeklikheid as borge siende dat die skuldenaar *ultra vires* gehandel het en die skuldeiser versuim het om die handtekening van sekere persone, wat onderneem het om borg te staan, te verkry en ook een van die borge ontslaan het. (16/5/1967)
- *Ex parte The Association of Divisional Council Secretaries*: Of gemagtig is ingevolge Divisional Councils Ordinance 15/1952 om 'n bydrae te maak aan die South African Foundation. (4/3/1968)
- *Ex parte The Association of Divisional Council Secretaries of the Cape Province*: Konsultant stel sekere vrae rondom die implikasie van wysigings aan die Waardering Ordinansie 26/1944, teweeggebring deur Ordinansie 32/1986. (18/11/1968)
- *Ex parte Die Ere-Sekretaris van die Vereniging van Afdelingsrade van Kaapland*: Of 'n afdelingsraad verplig is om toelaes (in spesifieke omstandighede) te betaal.
- *Ex parte The Associated Booksellers of Southern Africa Ltd*: Geldigheid van 'n resoluë/besluit wat tydens 'n algemene jaarvergadering geneem is.

Ex parte B:

- *Botha v Jackson and Others*: Appèl teen Stellenbosch Dranklisensie Raad se besluit om aansoek vir dranklisensie te weier. (7/9/1951)
- *Ex parte Boland Baasbouersvereniging*: Advies rakende die gebruik van Konsultant se naam op advertensieborde, briefhoofde of ander stukke, deur persone wat nie lede van die vereniging is nie – m.a.w. waar mense voorgee dat hulle lede is. (18/2/1954)
- *Ex parte Brand*: Konsultant se aansoek vir die sluiting van 'n ondergeskikte pad wat oor Konsultant se grond loop is geweier en Konsultant versoek advies oor welke stappe hy kan neem om die saak verder te voer. (16/10/1970)
- *Ex parte O.L. Blanckenberg in re Blanckenberg/Amcor*: Ooreenkoms tussen Konsultant en Amcor, waarin Konsultant aan Amcor die uitsluitlike reg gegee het om te prospekter vir minerale op grond wat aan die Konsultant behoort, gekoppel met 'n opsie om die grond te koop. Sekere stukke grond word egter nie gedek deur die opsie nie. Nadat die opsie uitgeoefen is, het Konsultant aansoek gedoen vir die goedkeuring van die onderverdeling, wat die afsny van die grond wat nie deur die opsie gedek is nie, beoog, maar die aansoek geweier. Konsultant wil weet of die ooreenkoms nou beëindig is en restitusie moet plaasvind. (1/9/1971)

- *Ex parte Basson*: Die Regmatigheid van Konsultant se gebruik van 'n pad wat oor Konsultant se buurman se grond loop.

Ex parte C:

- *Ex parte Constant en Samuels, in re S v Constant en Samuels*: Kommentaar oor die meriete van aanklag (dat ondermaat kreef gevang is) en moontlike betoogpunte wat geopper kan word. (1/22/1970)
- *Ex parte The Central Council of Land Surveyors of the Republic of South Africa*: Of bestaande wetgewing landmeters toelaat om te praktiseer as maatskappye met onbeperkte aanspreeklikheid. (11/8/1975)
- *Ex parte The Central Council of Land Surveyors of the Republic of South Africa*: Of geregistreerde landmeters besoldigde posisies kan beklee om werk te verrig in verband met die ontwikkeling van deeltitelskemas, waarna verwys word in die Wet op Deeltitels 66 van 1971. (15/8/1975)
- *Ex parte The Central Council of Land Surveyors of the Republic of South Africa*: Geldigheid van 'n reël wat die misbruik van 'n besoldigde posisie om met ander landmeters op 'n onregverdige wyse te kompeteer, verbied. (21/1/1980)
- *Ex parte Mnr L.H. Carstens*: Regsmening rakende 'n "minerale huurkontrak" wat teen Konsultant se titel geregistreer is. (25/8/1982)

Ex parte D:

- *Ex parte Dwyer*: Of bedrag betaalbaar in terme van 'n skikkingsooreenkoms belasbaar is ingevolge die Inkomstebelasting Wet. (1951)
- *Ex parte Mev. P.J.S. de Wet*: Elke bedrag b.w.v. skadevergoeding van die verweerder verhaal kan word, weens beserings opgedoen in motorongeluk te wyte aan verweerder se nalatigheid. (29/4/1957)
- *Ex parte Distillers Corporation Ltd*: Advies insake die meriete van 'n appèl teen Dranklisensie Raad se besluit om drankbottel lisensie te weier. (30/3/1968)
- *Ex parte De Wet*: Of eksekusie gehef kan word om 'n bedrag verskuldig ingevolge 'n kostebevel, in te vorder. (5/4/1968)
- *Ex parte Du Plessis*: Advies insake twee opsies aan die Konsultant verleen t.o.v. twee stukke grond wat kort na ondertekening, herroep is. (10/4/1969)
- *Ex parte Deposante, Prefakor Bpk*: Prefakor is onder geregtelike bestuur geplaas, die beleggers is egter ontevrede met die geregtelike bestuurder se bestuur van sake en verlang advies rakende die moontlikheid om hom te ontsetel.
- *Dibley v Furter*: Eis vir die ontbinding van 'n ooreenkoms d.m.v. die *actio redhibitoria*, en in alternatiewelik die ontbinding weens wanvoorstelling (behandel die vereistes vir die *actio redhibitoria*).

Ex parte E:

- *Ehlers v Jaffe en Kie* (Eiser se deklarasie): terugbetaling van koopprys, en lewering van koopsaak (kansellasië en restitusië) weens verborge gebreke. (1953)
- *Ex parte Eersterivier Strand Bpk*: Advies insake aandeelhouers se regte op grond aan hulle toegeken deur Eersterivier Strand Bpk. 'n Maatskappy is 'n entiteit met regspersoonlikheid en beheer dus sy eie bates, en die eiendomsregte wat t.o.v. die grond bestaan setel in die maatskappy. (26/11/1970)
- *Ex Celsior Waterboorders v Myburgh* (verweerskrif): Verweerder ontken dat hy enigsins vir die beweerde bedrag i.t.v. boorgatooreenkoms aanspreeklik is.

Ex parte F:

- *Ex parte A.J. Fourie*: Ontbindende en opskortende voorwaardes. Leerstuk van fiktiewe vervulling: dat voorwaarde as vervul geag word teen 'n persoon wat opsetlik die vervulling van die voorwaarde belet. (25/3/1952)
- *Insake: J.T.D Fritz v Henry's Canvas Co (Pty) Ltd*: Die verkoper se aanspreeklikheid vir verborge gebreke. Die opinie verwys o.a. na die *actio redhibitoria* en die moontlikheid van gevolgskaade, aanspreeklikheid o.g.v. 'n waarborg en die uitgebreide aanspreeklikheid van 'n handelaar (Pothier-reël). (18/1/1974)
- *Ex parte Munisipaliteit van Franschoek*: Of die skryf van 'n brief onderbreking van verjaringstydperk daarstel en of die grondeienaar die munisipaliteit se voortgesette gebruik van 'n sloot vir watertoevoer regtens kan belet. (18/2/1976)

2. *Norbert Stephen Erleigh v Rex* (1950):

- Kennisgewing van mosie (aansoek – verlof tot appèl).
- Opsomming van die feite deur Erleigh – “The Actors in the Piece”.
- Betooghooft in *Milne and Erleigh v Rex*.
- Betooghooft in *Rex v Milne and Erleigh*.
- Geprivilegieerde korrespondensie tussen Advokaat Professor De Wet en Norbert Erleigh.

246/5

OPINIES

Ex parte I:

- *Ex parte The Institute of Government Land Surveyors in the Colony of the Cape of Good Hope*: Of 'n resoluë wat d.m.v. 'n “show of hands” by 'n vergadering aanvaar is geldig is indien dit nie die volgende dag aanvaar is toe daar b.w.v. stembriewe gestem is nie. (18/4/1967)
- *Ex parte The Institute of Government Land Surveyors in the Colony of the Cape of Good Hope*: Of Konsultant die bevoegdheid het om 'n klag van onbehoorlike en skandelijke gedrag teen 'n landmeter aanhangig te maak. (12/11/1986)

Ex parte J:

- *Ex parte Jansen*: Of 'n voetstootsklousule i.t.v. die Romeins-Hollandse reg 'n party wat d.m.v. onskuldige wanvoorstelling beïnvloed is om die kontrak te sluit, verhoed om op sodanige wanvoorstelling te steun as a grondslag vir terugtrede. (26/11/1959)
- *Ex parte Jonck, In re Western Credit v Jonck*: Advies oor die meriete van 'n eksepsie opgewerp teen die verweerskrif van die verweerder (Jonck) wat homself as borg en medehoofskuldenaar verbind het vir die betaling van 'n huurkoopprys i.t.v. 'n huurkooporeenkoms. (2/8/1967)

Ex parte L:

- *The Liverpool and London and Globe Insurance Co Ltd. v Nel*: Verweerskrif waarin die verweerder erken dat sy vragmotor in 'n botsing met die versekerde persoon was, maar ontken dat hy die vragmotor nalatiglik bestuur het en dat die versekerde persoon enigsins skade gely het. (1950)
- *Laubser NO v Sachar en Andere*: Eiseres se deklarasie waarin sy erken dat die verweerders geregtig is op 'n korting in die koopprys t.o.v. die tekort van beste op die plaas waarvan hulle oordrag geneem het. (1953)

- *Ex parte Loock*: Of grond bevry kan word van 'n fideikommis ingestel deur 'n testament. (24/11/1966)
- *Ex parte Levco Investments (Pty) Ltd., In re The Standard Bank of South Africa Ltd*: Konsultant se aanspreeklikheid i.t.v. 'n borgkontrak/geldigheid van 'n spesiale pleit dat die hoofskuld (van die borgkontrak) verjaar het. (29/9/1984)

Ex parte M:

- *Ex parte M. Mohrhardt*: Of Konsultant aanspreeklik is vir kommissie teenoor 'n persoon wat 'n koper vir sy eiendom gekry het, maar nie formeel as sy agent aangestel was nie. (17/3/1951)
- *Mostert v Burger en Redelinghuys (Edms) Bpk* (Eiser se deklarasie): dat eiser deur wanvoorstelling beweeg is om die kontrak te sluit/hy sou nie die kontrak gesluit het nie as die wanvoorstelling nie aan hom gemaak is nie, versoek derhalwe terugbetaling en teruggawe. (1951)
- *Ex parte Myburgh*: Opinie van bewyslewing – kontrak om boorgat te boor nie nagekom en Konsultant verlang advies oor getuënis wat deur Konsultant aangebied moet word ten einde suksesvol te wees met eis o.g.v. kontrakbreuk. (14/4/1953)
- *Ex parte Marais*: Of regtens moontlik is om die gedeelte van 'n plaas, met 'n fideikommis belas, van die fideikommis te bevry. (16/9/1953)
- *Ex parte Murray*: Beding ter inperking van handelsvryheid in 'n vennootskapsooreenkoms. (14/11/1964)
- *Ex parte Boedel N.E. Mostert*: Advies insake uitleg van 'n testament. (18/2/1975)
- *Ex parte Mrs. Vera May Maw*: Of beskerm is teen uitsetting ingevolge "huur gaat voor koop" beginsel. (11/10/1976)
- *Ex parte Boedel wyle A.F. Markotter en Mev. R.M. Markotter*: Die verkoop van opgemete grond – koop *ad mensuram* en koop *per aversionem sive ad corpus*. (6/12/1985)

Ex parte N:

- *Ex parte W. Nel*: Reg betreffende 'n fideicommissum, spesifiek die stelreël, dat die fideicommissarius (d.w.s. die voorwaardelik verwagte) moet leef by die vervulling van die voorwaarde van die bevoordeling. (17/4/1951)
- *Ex parte Nelson Pearson Master Butchers*: Munisipaliteit eis uistaande bedrae vir die verskaffing van elektrisiteit aangesien die meters nie die elektrisiteitverbruik korrek gelees het nie – of Konsultant kan staatmaak op verjaring, of selfs estoppel o.g.v. die uitspraak, *Union Government v Vianini Ferro-Concrete Pipes (Pty) Ltd*. Prof de Wet steun op *Long v Cape Town Municipality*: "It is not a case of estoppel, but merely a case of error in accounts." (20/9/1951)
- *Ex parte N.G. Gemeentes in Suidwes-Afrika*: Beskrywingspunte vir voordrag aan die sinode van die N.G. Kerk van Suid-Afrika, vir die N.G. gemeentes van Suidwes-Afrika ten einde hul verband met die N.G. Kerk van Suid-Afrika te verbreek. (21/10/1952)
- *Ex parte Natalse Landboukoöperasie Bpk*: Mening oor Konsultant se vooruitsigte om op appèl te slaag met 'n eis vir skadevergoeding o.g.v. kontrakbreuk/waarborgbreuk. Vraag is of daar 'n waarborg was? Prof. de Wet: "om as aanname van 'n aanbod te geld, moet die verklaring van die geadresseerde getuig van 'n bedoeling om die terme, wat die aanbieder stel, sonder kwalifikasie te aanvaar." (1960)
- *Ex parte Kerkraad van die Gemeente Sutherland van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*: Konsultant is die eienaar van 'n plaas waarop 'n dorp uitgelê is, wat Konsultant

verhuur aan die munisipaliteit, en Konsultant versoek advies t.o.v. die aard van hul regsverhouding. (10/6/1966)

- *Ex parte A.D. Niewoudt*: Of 'n testament in terme waarvan grond aan Konsultant bemaak word en 'n huurkontrak in terme waarvan dieselfde grond vir tyd en wyl aan hom verhuur word genoegsame beskerming bied wat betref sy uiteindelijke aanspraak op die grond. (17/3/1967)

Ex parte O:

- *Ex parte Oosthuizen*: Verteenwoordiging – effek van geen volmag en vereistes vir kansellasië en die effek van kansellasië. (1954)
- *In re Ofsowitz*: Of 'n persoon teen wie verjaring begin loop het, homself kan verbind om nie later op verjaring te steun nie. (19/10/1976)

Ex parte P:

- *Phillips v Somerset West Municipality. Nuisance* – pomp veroorsaak buitensporige geraas. (31/3/1952)
- *Ex parte Pienaar*: Voorgestelde/ontwerp-antwoord op versoek om nadere besonderhede. (31/10/1969)
- *Ex parte Pieters*: Interpretasië van “enige verrigtinge” en “redelike reiskoste” in Hofreël 33(9) onder die Wet op Landdroshowe. (15/3/1971)
- *Municipality of Paarl v Le Roux*: Die afdwingbaarheid van die *exceptio doli* in die Suid-Afrikaanse reg. (20/10/1981)
- *Phame v Paizes* (1972):
 - Instruksies aan Prof. de Wet.
 - Appellant se betoogshoofde.
 - Respondent se betoogshoofde.

Ex parte Q & R:

- *Ex parte Quix Products Ltd*: Of daar 'n kontrak tot stand gekom het, en indien wel, waar die kontrak tot stand gekom het vir doeleindes van jurisdiksie. (1953) [supplementêre opinie: aanbod is eers bindend by aanvaarding]
- *Richfield v Postmasburg Municipality* (Eiser se deklarasie): eis balans van rekening vir dienste gelewer. (1953)
- *Ex parte Boedel wyle J.J.M. Roux*: Beskikking in 'n kodusil. (4/11/1968)

Ex parte S:

- *Ex parte W. Scholl*: Of Konsultant 'n regsgeldige eis teen die boedel van die oorledene het nadat Konsultant sy sake behartig het, die oorledene het oorsee gereis, maar is oorlede voor hulle kon ooreenkom oor die spesifieke terme van hul ooreenkoms. (±1950)
- *Smit v Loubser* (Loubser se verweerskrif): bied bedrag aan ter vereffening van die eiser se aansprake teen die verweerder. (1952)
- *Ex parte R. Santhagens Cape (Pty) Ltd*: Advies insake die regte en verpligtinge i.t.v. 'n agentskapsooreenkoms aangegaan – of Konsultant inderdaad “tot in ewigheid” gebind is. (24/5/1954) [Supplementêre opinie: 19/7/1954]
- *Ex parte The Stellenbosch Farmers' Winery Ltd*: Opsie om grond te koop, die aanbieder reis oorsee, hoe Konsultant sy reg kan uitoefen – is 'n brief aan die aanbieder se woonadres voldoende? (1/8/1960)
- *Ex parte J.C. Smit*: Of aanspreeklik is vir rente op Konsultant se “ope rekening” by Santam, nadat hulle agterstallige rente van hom geëis het, omdat daar vir ses maande vantevore geen rente op sy rekening gehef was nie. (3/9/1968)

- *Ex parte Die Munisipaliteit van Stellenbosch*: Wederkerige eise tussen 'n insolvent en sy skuldeisers – slegs skulde wat in 'n verrekenbare staat was op die datum van sekwestrasie kan teen mekaar verreken word. (25/11/1974)
- *Ex parte Santam Versekeringsmaatskappy Bpk*: Of eiseres, wat in 'n botsing met een van Konsultant se kliënte betrokke was, se vordering teen die Konsultant verjaar het. (10/5/1976)
- *Ex parte Sentraalwes Personeelondernemings (Edms) Bpk*: Of pleit van verjaring gegrond is – afhanklik van die interpretasie van artikel 13(2) van die Verjaringswet 78/1969. (7/4/1982)
- *Ex parte Die Stellenbosse Distriksbank Bpk*: Volgens welke rangorde die eise van nageregtelike-bestuur-skuldeisers uit fondse beskikbaar (na die likwidasie van 'n maatskappy) betaal moet word. (23/6/1982)
- *Ex parte The South African Council for Professional Land Surveyors' and Technical Surveyors'*: Geldigheid van reëls gepromulgeer onder die Professional Land Surveyors' and Technical Surveyors' Act 40/1984. (9/11/1984)
- *Ex parte Municipality of the Strand*: Effek van beplande straatkonstruksie op die waterregte van huiseienaars in die omgewing.
- *Ex parte W.G.A. Scholtz*: Of die voorgestelde verband beswarend is al dan nie.
- *Ex parte...* (naam van Konsultant ontbreek): Deliktuele aanspreeklikheid van die Spoorwegadministrasie vir skade deur 'n brand veroorsaak deur 'n brandende voorwerp afkomstig vanuit 'n spoorweglokomotief.

246/6

OPINIES

Ex parte S (vervolg):

- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Opinie oor die onderverdeling van grond wat aanliggend tot die nasionale pad is. (±1948)
- *The Divisional Council of Stellenbosch v Shapiro*: Aansoek om uitsetting. (8/5/1953)
- *Ex parte Steyn*: Huurkontrak met 'n opsie om te koop – wat word deur die opsie gedek? (19/10/1953)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Advies insake die oprig van voorgeskrewe kennisgewingborde aangaande spoedgrense. (5/4/1954)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Advies in verband met die kostes vir die uitleg van 'n straat. (5/4/1954)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Advies oor besware teen die oprigting van 'n bemestingsfabriek o.g.v. die feit dat dit 'n publieke steurnis sal wees. (9/9/1954)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of 'n persoon gediskwalifiseer is van nominasie vir verkiesing as 'n raadslid indien hy agterstallig is met belastinggelde. (9/10/1954)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Konsultant ervaar sekere uitdagings vanweë kumulatiewe werking van verskillende regulasies wat verband hou met openbare gesondheid, en wil weet hoe hy te werk moet gaan. (8/11/1954)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Aanspreeklikheid van 'n maatskappy wat as borg *in solidum* en mede-hoofskuldenaar onderteken het. (12/12/1956)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of die Konsultant aanspreeklik is vir die terugbetaling van 'n som geld wat Konsultant i.t.v. 'n waarborgooreenkoms ontvang het, op grond daarvan dat die bedrag nie verskuldig was op die datum wat dit aan die Konsultant betaal is nie. (28/9/1957)

- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Geldigheid van 'n onteieningskennisgewing. (1960)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Advies oor die verhaalbaarheid van eiendomsbelasting van mede-eienaars van eiendom – of elkeen aanspreeklik is vir 'n gedeelte, en of hulle gesamentlik, of gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is. (5/6/1967)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of 'n swart vrou vervolg kan word ingevolge artikel 10 van die Groepsgebiedewet 25/1945, weens haar onregmatige teenwoordigheid in 'n bepaalde gebied weens verstryking van haar verblyfpermit, en of sy moontlik vrygestel is i.t.v. een van die uitsonderings gelys in artikel 10(1)(a)-(d). (6/9/1967)
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of die ooreenkoms tussen die Konsultant en verskeie munisipaliteite binne Stellenbosch, in terme waarvan die munisipaliteite onderneem om brandweerdienste aan grondeienaars buite die verskeie munisipale gebiede te verskaf, voldoende beskerming verleen aan sodanige grondeienaars, en of hierdie ooreenkoms intra vires en afdwingbaar is. (6/9/1967)
- *Ex parte Die Sentrale Landmetersraad van die Republiek van Suid-Afrika*; Geldigheid van voorgestelde veranderings deur Konsultant aan die reëls wat Konsultant gemagtig is om uit te vaardig onder die Landmetersregistrasiewet 14/1950. [Twee opinies: 17/3/1972, 18/4/1972]
- *Ex parte South African Mutual Life Assurance Society*: Advies insake die moontlike verjaring van skulde i.t.v. polislënings kragtens die Verjaringswet 68/1969. Polishouers leen op sterkte van hul polis, m.a.w. polissie word aan Konsultant sedeer *in securitatem debiti*. Kragtens die ou Verjaringswet (18/1943) was daar geen praktiese gevaar van verjaring nie. (29/4/1974)
- *Ex parte Die Munisipaliteit van Stellenbosch*: Of dit verpligtend of wenslik is om melding te maak van die spesifieke rede vir die onteiening in die stadsraadsbesluit en/of in die onteieningskennisgewing aan die eenaar. (10/2/1975)
- *Ex parte Die Munisipaliteit van Stellenbosch*: Advies insake 'n vordering wat die Konsultant teen 'n konstruksie maatskappy het, wat by die bou van 'n pad sekere ondergrondse kables beskadig het, wat deur die Konsultant se elektriesiteitsdepartement herstel is. (18/2/1975)
- *Ex parte Die Afdelingsraad van Stellenbosch*: Opinie i.v.m. die Konsultant se regsposisie teenoor moontlike beswaarmakers teen die bedrywighede van 'n dorpsontwikkeling. (8/9/1975)
- *Ex parte Die Afdelingsraad van Stellenbosch*: Meriete van appèl – uitspraak is teen die Konsultant gegee t.o.v. 'n aansoek deur twee plakkers wat geplak het op grond wat aan die Konsultant/appellant behoort. (14/3/1977)
- *Ex parte Die Sentrale Landmetersraad van die Republiek van Suid-Afrika*: Of Konsultant regtens by magte was om 'n reël te formuleer wat 'n landmeter sal belet om opmetings te maak vir enige persoon behalwe sy werkgewer, en indien wel, of die Minister sodanige reël sal goedkeur. (31/3/1979)
- *Ex parte The South African Council for Professional Land Surveyors' and Technical Surveyors'*: Advies insake die publikasie van tariewe deur die Konsultant onder die Professional Land Surveyors' and Technical Surveyors' Act 40/1984, met spesifieke verwysing na kennisgewing 2250 gepubliseer in die Staatskoerant van 4 Oktober 1985, wat sekere praktyke as onregmatig klassifiseer. [Supplementêre opinie: 7/6/1986]
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of Konsultant ingevolge artikels 115(1) en (2) van Ordinansie 13/1917 gemagtig is om sekere geboue vry te stel t.o.v. die betaling van eiendomsbelasting.

- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Of Konsultant regulasies kan uitvaardig ingevolge artikel 215(18) van Ordinansie 15/1952 i.v.m. die gebruik van sypaaie vir fietse, stopstrate en verbode parkerings.
- *Ex parte Divisional Council of Stellenbosch*: Stappe wat Konsultant kan neem om die verkoop van eetbare produkte op sekere plekke te bekamp.

Ex parte T:

- *Taylor v Cape Licensing Board and Others*: Aansoek vir die hernuwing van 'n kroeglisensie en om sodanige lisensie te omskep in 'n hotel-lisensie. (13/3/1931)
- *Ex parte Theron*: Of 'n testament aangeveg kan word op grond daarvan dat dit nie voorsiening maak vir 'n verwagte kind, waarvan die oorledene kennis gedra het, maar nie geleentheid gehad het om die kind as 'n bevoordeelde te benoem nie. (13/11/1973)
- *Ex parte Theewaterskloof Farms (Pty) Ltd*: Die verkryging van water vir die uitbreiding van landbou-aktiwiteite op die plaas wat aan Konsultant behoort. (28/3/1974)
- *Insake Boedel M.H. Truter*: Opinie oor die uitleg van 'n voorgestelde testament.

Ex parte U:

- *Ex parte Afdelingsraad van Uniondale* (drie vrae): Of die N.G. Kerk aanspreeklik is vir afdelingsraadbelasting t.o.v. twee koshuise waar kinders gehuisves word, en of hulle kwalifiseer vir 'n vrystelling. Of die huurder van spoorwegerwe aanspreeklik is vir afdelingsraadbelasting. Of die huurder van 'n plaas wat aan die bosboudepartement behoort aanspreeklik is vir afdelingsraadbelasting.

Ex parte V:

- *Ex parte A.P. van Zyl*: Of gebonde is aan konkurrensie-verbod (beding ter inperking van handelsvryheid), en indien wel, vir hoe lank. (±1947)
- *Ex parte Van der Westhuizen*: Of die feit dat grond wat staan verkoop te word omring is deur eiendom wat aan blankes behoort as 'n geldige rede beskou kan word om die uitreiking van 'n permit te weier wat benodig word vir die vervreemding van grond aan 'n gekleurde persoon, ingevolge artikels 8 en 12 van die Groepsgebiedewet 41/1950. (21/4/1952)
- *Van der Merwe v Visser* (Eiser se deklarasie): koop van 'n motorvoertuig, maar die verkoper is nie die eienaar en het ook geen volmag van die eienaar gehad om die voertuig te verkoop nie. (1953)
- *Ex parte F.F.J. Visser*: Moontlike aansprake n.a.v. tjeks wat gesteel en gewissel is. (25/4/1955)
- *Ex parte Verhagen*. Gebrekkige prestasie i.t.v. 'n boukontrak wat 'n arbitrasieklausule bevat. (11/2/1960)
- *Ex parte G. J. Visser*: Of prospekterbedrywighede inbreuk maak op 'n serwituut oor die grond waarop die bedrywighede plaasvind. (13/5/1968) [Twee supplementêre opinies aangeheg]
- *Van Tromp v Haak*: Geldigheid van 'n beding ter inperking van handelsvryheid.
- *Ex parte Vredenburg Droogskoonmakers (Edms) Bpk*: Of Konsultant verplig is om die bedrag wat verskuldigde bedrag oorskry het, terug te betaal – verryking. (16/9/1968)
- *Ex parte Van Tonder*: Of daar 'n geldige borgkontrak tot stand kan kom indien die borg hom verbind vir die nakoming van die verpligtinge van 'n vennootskap waarvan hy 'n lid is in die lig van die reël dat 'n persoon nie as borg aanspreeklik kan wees vir sy eie skulde nie. De Wet spreek ook die kwessie van verjaring in konteks van solidêre medeskuldenare, aan. (28/6/1976)

- *Ex parte Mnr. S. van Zyl*: Regte en verpligtinge ingevolge 'n waterverdelingsooreenkoms. (7/8/1984)
- *Ex parte Verhuurders*: Of Konsultante gemagtig is op 'n verhoging van huurgelde van persele beheers deur die Huurgeldewet n.a.v. verhoogde munisipale skattings van eiendomme in Stellenbosch.

Ex parte W:

- *Wirth-Preuss v Wirth-Preuss* (Eiser se deklarasie): egskeidingsgeding. (1951)
- *Ex parte Welz and Heller*: Moontlike stappe wat geneem kan word weens die onreëlmatige verkiesing van die bestuur van die vereniging, waarvan Konsultante lede is. (25/4/1955)
- *Ex parte Wolfaard*: Konsultant se regte t.o.v. die verwydering van hekke en die opbreek van sy grensheinings deur die afdelingsraad. (9/12/1956)
- *Ex parte Eksekuteur van die Boedel van wyle Mev. J.B. White*: Uitleg van 'n testament. (24/2/1960)
- *Ex parte Wium*: Of Konsultant sy buurman in regte kan dwing in die afwesigheid van 'n geregistreerde serwituut op die buurman se grond t.g.v. Konsultant, om 'n sloot, waarvoor die buurman verantwoordelik was, te herstel of ander maatreëls te tref om te verhoed dat water vanaf die buurman se grond na Konsultant se grond afloop. (17/3/1967)
